Dit beteken dat jy nie mag weier om aan die Deurlopende Bevolkingsopname – Huishoudelike Opname Program Herontwerp deel te neem deur na die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting te verwys nie, aangesien dit Stats SA daarvan sal verhoed om sy magte en pligte ingevolge die Wet op Statistieke uit te voer, en jy sal artikel 16 (2) van die Wet op Statistieke oortree.

Wat behels die Raamwerkopdateringsproses?

'n Lysting- en Publisiteitsamptenaar (LPA) sal geselekteerde gemeenskappe besoek om die Geografiese Inligtingsraamwerk (GIR) op te dateer.

Die LPA sal elke adres/woning besoek met behulp van 'n mobiele kartering applikasie
om elke struktuur binne die erf aan te teken en op te dateer.

Raamwerkopdateringsproses

a) Die LPA sal die geselekteerde gemeenskappe en adresse besoek met behulp van 'n mobiele kartering applikasie.
b) By die geselekteerde adres sal die LPA kontak maak met die respondente en publisiteit doen vir die projek.
c) Die LPA sal die strukture binne die erf inspekteer en, indien nodig, meer inligting versamel oor die woonreëlings en gebruik van die verskillende strukture.
d) Die LPA moet kontakbesonderhede kry vir elke woning wat aangeteken word. Hierdie kontakbesonderhede sluit die naam, van en kontaknommer in van die persoon wat die inligting verskaf.

Statistieke Suid-Afrika wil jou graag bedank vir jou samewerking en deelname gedurende die Raamwerkopdateringsproses van die Deurlopende Bevolkingsopname – Huishoudelike Opname Program Herontwerp (DBO-HOPH) projek.

Hoofkantoor: Gebruikerinligtingsdienste

Telefoon: (012) 310 8600

Facebook: StatsSA

Webwerfte: www.statssa.gov.za

Twitter: @statssa

E-pos: info@statssa.gov.za

Provinsiale Veldoperasies Direkteure

Wes-Kaap
Naam: Mahier Hattas
Tel.: 079 510 3249

Oos-Kaap
Naam: Linda Sixhaso
Tel.: 082 902 6130

Noord-Kaap
Naam: Bonakele Phuzi
Tel.: 079 510 5004

Vrystaat
Naam: Mafedile Motsei-Pule
Tel.: 082 781 4018

KwaZulu-Natal
Naam: Ntobeko Masondo
Tel.: 060 980 4103

Noordwes
Naam: Tebogo Bankoes
Tel.: 071 681 0440

Gauteng
Naam: Judas Ngobeni
Tel.: 082 907 4950

Mpumalanga
Naam: Caiphus Mashaba
Tel.: 084 804 5427

Limpopo
Naam: Kgaogelo Mathekga
Tel.: 082 888 2450

AFRIKAANS

DEURLOPENDE BEVOLKINGSOPNAME – HUISHOUDELIKE OPNAME PROGRAM HERONTWERP (DBO-HOPH)



Mei 2025 – September 2025

IMPROVING LIVES THROUGH DATA ECOSYSTEMS

stats sa
Department:
Statistics South Africa
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

G20 SOUTH AFRICA 2025

2030 NDP

Wat is die Deurlopende Bevolkingsopname – Huishoudelike Opname Program Herontwerp (DBO-HOPH) Raamwerkopdatering?

Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) sal die Deurlopende Bevolkingsopname – Huishoudelike Opname Program Herontwerp (DBO-HOPH) Raamwerkopdateringsprojek onderneem van 15 Mei 2025 tot 15 September 2025.

Die doel van die DBO-HOPH projek is om 'n respondent- en gebruikersentriese opnamemodel te verskaf wat betroubare en akkurate inligting op subprovinsiale vlak van huishoudings in geselekteerde wooneenhede versamel oor verskeie bevolkings- en maatskaplike statistiese temas, tussen sensusse.

Die raamwerkopdateringsfase van die DBO-HOPH projek sal Stats SA in staat stel om die meestersteekproefraamwerk op te dateer, om sodoende 'n opgedateerde en akkurate raamwerk te hê vir gebruik in huidige en toekomstige opnames.

Dankie vir jou deelname.

Wie is ons?

Stats SA is die enigste organisasie in Suid-Afrika wat amptelike statistieke oor die land se bevolking, sosiale en maatskaplike kwessies versamel, verwerk en versprei.

Die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999) laat ons toe om inligting te versamel vanaf mense soos jouself, besighede of administratiewe bronne verskaf deur ander staatsdepartemente, soos Binnelandse Sake.

Die inligting word gebruik vir beplanning, besluitneming, monitering en evaluering van beleide deur die regering, besighede en ander instellings.

Behoefte aan akkurate inligting


Akkurate inligting help om te verseker dat behoorlike dienslewering plaasvind in gebiede waar dit nodig is.

Jy is wetlik verplig om aan Stats SA-veldwerkers toegang tot jou perseel te gee, en om hulle vrae eerlik te antwoord.

Die Wet op Statistieke plaas verskeie verpligtinge op burgers, Stats SA en ons veldwerkers, en stipuleer ook strawwe wanneer daar nie aan die Wet voldoen word nie.

Maak seker dat jy jou verantwoordelikhede verstaan ten opsigte van die Wet op Statistieke, en doen jou deel om 'n Suid-Afrika te bou waarop ons almal trots kan wees.

Hoe om ‘n Stats SA-veldwerker te identifiseer



Ons veldwerkers kan maklik geïdentifiseer word deur hulle Stats SA-identiteitskaarte, Stats SA-kepse en Stats SA-oorhempies.

Indien jy die betroubaarheid van enige Stats SA-verteenwoordiger wat op die DBO-HOPH werk wil bevestig of enige ander vrae oor die projek het, kontak asseblief die Provinsiale Veldoperasies Direkteur wat in hierdie pamflet gelys is.

Jy kan ook enige lid van ons veldwerkpersoneel verifieer deur die veldwerkerverifiëringstelsel op die Stats SA-webblad (www.statssa.gov.za), of deur die Stats SA Inbelsentrum te kontak by 0800 110 248.

Die Wet op Statistieke en jy

Artikel 16: Plig om vrae te antwoord

- Stats SA-veldwerkers mag jou en enige ander lede van jou huishouding vrae vra in verband met jou huishouding en lewensomstandighede. Jy het 'n wetlike verpligting om hierdie vrae eerlik te antwoord.

Artikel 17: Vertroulikheid en bekendmaking

- Ons veldwerkers het 'n wetlike verpligting om jou inligting vertroulik te hou, en mag dit nie met enige ongemagtigde persone bespreek nie.
- Sodra jou huishouding se inligting aangeteken is, sal niemand kan sien waar die inligting vandaan kom nie.

Artikel 18: Misdrywe en strawwe

- Stats SA-amptenare wat skuldig bevind word aan verbreking van vertroulikheid is strafbaar met ‘n boete van hoogstens R10 000 of gevangenisstraf van ses maande, of beide.
- Indien jy 'n Stats SA-werknemer toegang weier tot jou perseel (artikel 15) of weier om vrae te antwoord (artikel 16), kan jy beboet word met hoogstens R10 000 of gevangenisstraf van ses maande, of beide.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 04 van 2013) (POPIA)

Artikel 3 van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting maak voorsiening dat die Wet nie op so ‘n manier geïnterpreteer mag word dat dit ‘n openbare of privaat instansie verhoed om sy magte en pligte ingevolgde ‘n wet uit te voer nie, insover die wet verband hou met die verwerking van persoonlike inligting.